Laerskool Louis Leipoldt

Gr 2 Yskasbrief 2

Kwartaal 1 Week 3: 21 - 25 Januarie 2019

Tema: Ons het gesonde voedsel nodig om te leef.

- Huiswerk word Maandae uitgedeel en moet asb. Vrydae ingehandig word.
- Haal asb elke Maandag die yskasbrief (voorste bladsy) af, slegs die huiswerk word Vrydae ingehandig.

Belangrik:

- Merk asb al u kind se skryfbehoeftes, klere en kosblikke.
- Leerders se blou huiswerksak moet asb elke dag saam kom skool toe.
- **Assessering: Onvoorbereide lees - Afr en Eng.**
- **Fotodag: Woensdag 23 Jan 2019**

Afrikaans

Speltoets: 25 Januarie 2019

Klanke: **uu/aa**

Spelwoorde: huur, muur, vuur, suur, nuus, duur, nuut, stuur, guur

Spelwoorde: baan, daar, gaap, maan, raas

Leesboek: Bl. 5 - 8

(Leerders MOET elke dag lees!)

Engels

Speltoets: 25 Januarie 2019

Klanke: **a**

Spelwoorde: can, cat, lap, tap, man

Leesboek: Bl 4, 5 + 6

(Leerders MOET elke dag lees!)

Wiskunde

Voltooi huiswerkopdragte.

Tel van 1 - 100 en terug

Tel in veelvoude van 2, 5 en 10 tot by 50.

Dit is belangrik dat u kind elke dag tel.

Die volgende opdragte word die week in die klas voltooi:

- Getalkombinasies van 11, optel en aftrek, geld identifisering en somme, patrone, vorms, simmetrie.

Lewensvaardigheid

Gesels tuis oor hoe ons water by die huis kan bespaar.

Ons doen Vrydag 25 Januarie 2019 kuns in die klas. U hoef nie iets hiervoor skool toe te stuur nie.

Pak asseblief elke dag vir u kind 'n gesonde en gebalanseerde kosblik.